# OORDELE – 5

**(Babilon)**

**TEMA:** **DIE VAL VAN BABILON**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

Nota: Johannes het die Openbaringe en Gesigte gesien op die eiland Patmos (Openbaring 1)

- **Hierdie lesing, Oordele 5, vloei voort uit Oordele 4.**

-oOo-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: OPENBARING 17:9 tot 18:1 - 10

**Openbaring 17: 9 Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit.**

**Openbaring 17: 10 En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly**

**Openbaring 17: 11 En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf.**

**Openbaring 17: 12 En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap Ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier.**

**Openbaring 17: 13 Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier.**

**Openbaring 17: 14 Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin - want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings - en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.**

**Openbaring 17: 15 En hy sê vir my: die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale.**

**Openbaring 17: 16 En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand.**

**Openbaring 17: 17 Want God het dit in hulle harte gegee om sy bedoeling uit te voer en een bedoeling uit te voer, en hulle heerskappy aan die dier oor te gee totdat die woord van God volbring is.**

**Openbaring 17: 18 En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde.**

**Openbaring 18: 1 En na hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid.**

**Openbaring 18: 2 En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls,**

**Openbaring 18: 3 omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid.**

**Openbaring 18: 4 En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.**

**Openbaring 18: 5 Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou.**

-o0o-

**Openbaring 18: 6 Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het.**
**Openbaring 18: 7 Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na dié mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie -**
**Openbaring 18: 8 daarom sal haar plae op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel**
**Openbaring 18: 9 En die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het, sal oor haar ween en oor haar weeklaag wanneer hulle die rook van haar verbranding sien,**
**Openbaring 18: 10 terwyl hulle ver weg staan uit vrees vir haar pyniging en sê: Wee, wee jou, o groot stad Babilon, o sterk stad, want in een uur het jou oordeel gekom!**

**Psalm 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.**

-o0o-

## 1. Strukture / Regerings

**Openbaring 17: 9 Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit.**

Ek glo die sewe berge is sewe strukture of tydperke, soos byvoorbeeld die regerings van Hitler, Nero en Nebukadneser. Dit is hulle deur wie sewe tydperke, of berge, op ‘n stadium uitrys in die bestaan van die mensdom en waaruit hulle funksioneer. Kom ek sê vir julle waarom ek so sê.

**Openbaring 17: 10 En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy ’n kort tydjie bly**

Hy sê *sewe konings*: *vyf het geval en een is*. Op hierdie aarde, nou, is daar een. So vyf was, een is en *die ander een het nog nie gekom nie*.

**Openbaring 17: 11 En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf.**

## 2. Antichris Aktief

Hy (Johannes die skrywer) praat hier van die antichris wat *behoort by die sewe en gaan na die verderf*.

Hy (die antichris) sal kom en dan sal hy die agtste word. Dit is weer die namaaksel van nuwe begin. Die gees wat in hierdie konings was, wat Israel altyd vervolg het, bestaan.

- Hy *(die antichris)* was aktief gewees.
- Hy is nie nou aktief nie, maar tog is hy, wat beteken hy bestaan tog.
- Hy sal weer in die vorm van die Antichris wees en *wanneer hy kom, moet hy ’n kort tydjie bly.* Hy sal net vir sewe jaar regeer, waar die ander konings vir lang tydperke regeer het.

In hierdie chaotiese wêreld, wat deur God plat gevee sal word, sal daar niks wees nie. Daar sal geen geld, geen politiek en geen landsgrense wees nie. Dit sal net ‘n chaotiese aarde wees waar alles tot niet gegaan het.

-o0o-

**Openbaring 17: 12  En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier.**

Hierdie Antichris sal dan opstaan en hy sal van hierdie wêreld 'n sukses maak.

- Hy sal **tien landstreke** daar stel.  Daar sal nie meer arm of ryk lande wees nie, want almal sal ewe veel geld hê.  Almal sal dieselfde salaris kry, of jy 'n straatveër of 'n mediese chirurg is.  Dit sal nie meer daaroor gaan dat jy jou werk los vir 'n beter een, of dat ek meer geld as jy kry nie.
- Dit sal in geheel 'n **kommunistiese stelsel** wees waaruit hy sal funksioneer.  Hy sal homself verryk en hy sal alles wat die mensdom het, vir homself toeëien.  Hy sal daarmee met geweld heers.  As jy nie doen wat hy sê nie, sal daar net een ding vir jou wees: 'n koeël deur jou kop.  Hy sal alles met mag en geweld regeer en hanteer.  Dit sal werk as 'n perfekte wêreld met geen misdaad nie, want daar sal geen geld wees nie.
- Die mens sal deur die **mikroskyfie** (chip) beheer word.  Elke mens op aarde sal vir 24 uur dopgehou word.  Daar sal geen misdade soos bankrowe, transito-rooftogte en kinderontvoering wees nie, want jy sal deur die groot rekenaars, die groot oog, voortdurend dopgehou word.  Wanneer hulle net terug gaan in die geskiedenis waar iemand doodgemaak is, sal hulle die spoor kan volg.  Hy sal gevind word, waarheen hy ookal vlug.
- Meeste misdade gaan oor geld en as Mammon weg is, is daar **vrede** in die wêreld.  Hy sal dit tot sy voordeel kan gebruik en dan sal die mensdom hom aanbid en sê dat hy die koning is.  Daardie tien konings wat sal opstaan, wat nog nie koningskap ontvang het nie, *ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier*.

### 3. Die Lam sal oorwin

**Openbaring 17: 13  Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier.**

**Openbaring 17: 14  Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin - want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings - en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.**

Die Lam sal hulle verslaan soos ons in Openbaring 19 sal sien.

**Openbaring 17: 15  En hy sê vir my:  die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale.**

Dit is die volke wat hy vasgevang het in hierdie Babiloniese sisteem.  Onthou, hierdie koning is nog nie. Een is wel in beheer.

### 4. Antichris die na-aper

Ons kyk weer na vers 10.

**Openbaring 17: 10  En hulle is sewe konings:  vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie;  en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly**

Die een koning wat is, bestaan nou op hierdie stadium.

- Dit is die vyf punt ster van Lucifer.  (Verwys: Oordele 2 en Oordele 4)
- Dit is die Babiloniese sisteem.

-o0o-

Die Babiloniese sisteem moet val, sodat die Antichris, die namaaksel, kan opstaan. Daar is altyd ‘n namaaksel. Ons is nou waar dit sê *en een is,* maar *een het nog nie gekom nie*. Dit is die regering van die antichris wat moet kom, as hierdie Babiloniese sisteem, wat nou op hierdie aarde heers, vernietig word. Vyf was, een is en een moet nog kom.

### 5. Verdeelde Koninkryk

**Openbaring 17: 16 En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand.**

Dit is ‘n verdeelde koninkryk. ‘n Koninkryk van haat en tweedrag. Onthou, Christus het gesê dat ’n koninkryk wat op homself verdeeld is, nie sal kan bly staan nie. Dit is presies wat hier gebeur. Die Antichris se sisteem sal hierdie Babiloniese sisteem haat en begin oorlog daarteen voer. Hy sê dat die tien horings, wat tien konings is en wat nog nie koningskap ontvang het nie, dan teen hierdie Babiloniese sisteem sal opstaan.

**Markus 3:24** En as ‘n koninkryk teen homself verdeeld is, kan daardie koninkryk nie bly staan nie;

**Openbaring 17: 17 Want God het dit in hulle harte gegee om sy bedoeling uit te voer en een bedoeling uit te voer, en hulle heerskappy aan die dier oor te gee totdat die woord van God volbring is.**

Wanneer God kom om hierdie wêreld te oordeel, het die mensdom homself eintlik vernietig. Dit is nie God wat hom vernietig nie. Dit is die bietjie-vir-bietjies gif wat die mens ingeneem het, deur al die eeue en millennia. Vir ses duisend jaar het hy gif ingeneem. Hierdie gif sal ‘n werklikheid word en die vrug daarvan dra.

- Kyk na globale verwarming, dan sien jy hoe vernietig die mens homself. Die mens vernietig homself met sy skeppings, net om homself te verryk en meer te maak, eerder as om God meer te maak.

**Openbaring 17: 18 En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde.**

Dit is die Babiloniese sisteem. Dit is Babilon wat nou vernietig moet word.

### 6. Oordeel

**Openbaring 18: 1 En na hierdie dinge het ek ‘n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid.**

Hier kom ons nou by die oordeel. Ons het nou net gepraat van wat **na** die oordeel gaan gebeur. As die Bruid weggeraap is, kan die Antichris opstaan, want volgens Thessalonicense is dit die Gees wat hom teëhou. Die **Lig** hou die duisternis teë.

In hoofstuk 18 kom ons nou by die val van hierdie hoer, die Babiloniese sisteem, die vyf punt ster van Lucifer, die regering wat hy nou op hierdie stadium op aarde het.

-o0o-

**Openbaring 18: 2 En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls,**

Daardie *haatlike voëls* is die bose geeste in die lug.

**Openbaring 18: 3 omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid.**

Hier kan ons sien dit is die Babiloniese sisteem. Dit is presies wat in hierdie wêreld aangaan. Die mensdom gee nie om vir mekaar nie. Daar is net hier en daar iemand wat regtig omgee.

Gebruik ons alles, soos tyd en omstandighede, vir die doel waarvoor God dit gegee het?

- Behoort dit regtig aan God?
- Hanteer ons dit met respek en eerbied, soos God dit wil hê, gelei deur God se Gees?
- Is ons nie net besig om onsself te verryk met dit wat God vir ons gegee het nie?
- Word dit wat ons moet gebruik om Sy wil te bereik, nie net as boustene gebruik om vir onsself 'n sisteem te bou in hierdie Babiloniese sisteem nie?

Dit is presies wat hy gesê het wat sy gedoen het.

**Openbaring 18: 4 En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.**

Mense, hierdie is 'n verskriklike woord. Luister vandag baie mooi wat ek vir julle gaan sê. Dit is nie God se wil om oordeel oor Sy kinders te bring nie. Jesus Christus het vir ons 'n verskriklike prys betaal op die kruis van Golgota, maar iewers sal ons moet begin kies. Wil ons langer in hierdie sisteme betrokke raak? Wil ons onsself langer onderwerp aan hierdie Babiloniese sisteem, hierdie vyf punt ster van Lucifer, wat regeer oor hierdie hele aarde? Ons dink dit is die lewe, maar dit is nie. Wil ons nie liewer uit dit kom, ontslae raak daarvan en daarmee breek nie?

**Psalm 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.**

- Kan ons nie vir eens en vir altyd onder die wil van God staan en ons laat lei, beheer en hanteer deur God se Gees nie?
- Vertrou ons die Here regtig om vir ons te help om 'n sukses te maak met alles wat Hy in ons hande geplaas het? Psalm 32:8
- Jaag ons ons eie Babiloniese koninkryk na met dit wat God vir ons gegee het om Sy Koninkryk uit te brei?
- In watter koninkryk is ek en jy elke dag besig om te bou?

God sê dat ons uit hierdie Babiloniese sisteem, hierdie regering van Satan, wat politiek, tradisies, Mammon, hoerery en okkulte is, moet kom. *Jy moet uit dit kom, anders gaan jy saam met hulle in dieselfde oordeel staan*. Hy wil nie Sy kinders oordeel nie, maar as jy kies om langer daar te bly, jammer, maar dan sal jy self daardie oordeel moet aanvaar. Dit is jou keuse. As jy daar wil bly, gaan jy uit dieselfde beker drink.

-o0o-

Dit is juis die gesig wat ek gesien het van die mense wat soveel verskonings gehad het, wat geroep het na God en nêrens gekom het nie. Jou sondes en jou keuses wat jy gemaak het, het gemaak dat God jou nie kan hoor nie, want Hy ken nie jou stem nie. Hy sê dat Sy skape Sy stem ken en Hy ken Sy skape. As jy kies om Babilon te aanbid in plaas van die Lewende God, gaan jy hierdie oordeel sien.

**Openbaring 18: 5 Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou.**

Kyk die verskriklike oordeel wat gaan kom. As jy deel is van die sisteem, gaan jy dieselfde oordeel ontvang want dit staan geskrywe.

**Openbaring 18: 6 Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het.**

**Openbaring 18: 7 Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na dié mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie -**

**Openbaring 18: 8 daarom sal haar plae op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel**

Onthou julle die gesig wat ek gesien het?

**Openbaring 18: 9 En die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het, sal oor haar ween en oor haar weeklaag wanneer hulle die rook van haar verbranding sien,**

**Openbaring 18: 10 terwyl hulle ver weg staan uit vrees vir haar pyniging en sê: Wee, wee jou, o groot stad Babilon, o sterk stad, want in een uur het jou oordeel gekom!**

Onthou jy wat ek gesê het toe ek daardie visioen gehad het? Alles wat die mens gebou het om homself te verryk sal in een uur disintegreer. Dink 'n bietjie hoe chaoties gaan hierdie wêreld wees. Dink 'n bietjie wat sal gebeur as alles vernietig word in een uur se tyd. Dit staan geskrywe mense en dit sal so gebeur.

-o0o-

## Bykomende Skrifverwysings

**2 Thessalonicense 2:6** En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word.

2Th 2:7 Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is;

2Th 2:8 en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,

2Th 2:9 hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen

**Johannes 10:1** Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie nie by die deur in die skaapstal ingaan nie, maar van 'n ander kant af inklim, hy is 'n dief en 'n rower.

Joh 10:2 Maar hy wat by die deur ingaan, is 'n herder van die skape.

Joh 10:3 Vir hom maak die deurwagter oop, en die skape luister na sy stem; en hy roep sy eie skape by hulle naam en lei hulle uit.

Joh 10:4 En wanneer hy sy eie skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit; en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken.

Joh 10:5 Hulle sal 'n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken nie.

-o0o-